

# Aasvoëls & tradisionele medisyne



ENDANGERED  
WILDLIFE TRUST

BIRDS OF PREY  
PROGRAMME

conservation in action



## Agtergrond

Die gebruik van aasvoëls is 'n belangrike onderdeel van tradisionele medisyne, veral in suidelike Afrika en daar is bewyse dat tradisionele gebruike deels verantwoordelik is vir die vinnige afname van aasvoëlbevolkings in die sub-kontinent. Daar is 'n algemene geloof in baie Afrika kulture dat gesondheid, siektes, sukses of ongeluk nie toevallige gebeure is nie, maar die gevolg van die aktiewe invloed van individue of voorvadergeeste. As gevolg hiervan, word tradisionele medisyne hoog geag in hierdie kulture en word gereeld gebruik deur 'n groot deel van die bevolking.

Tradisionele medisyne verteenwoordig kruie, diere en minerale materiaal wat gebruik word vir fisiologiese, sowel as simboliese of sielkundige doeleindes. Ongeveer 80% van die bevolking in Suid-Afrika gebruik tradisionele medisyne in een of ander vorm, omdat farmaseutiese middels baie duur is en omdat tradisionele metodes as meer gepas beskou word.

Gestimuleer deur verstedeliking en hoë vlakke van werkloosheid, is die aanvraag na tradisionele medisyne waarskynlik hoër as enige ander tyd in die verlede. Bevolkingsaanwas, afname in die ekonomie, verhoogde werkloosheid en toenemende onsekerheid oor die toekoms is alles aanwysers dat die aanvraag na tradisionele medisyne sal aanhou styg in die toekoms. Hierdie faktore het ook aanleiding gegee tot 'n skielike toename in die handel in dele van plante en diere vir tradisionele medisyne. Ten spyte van die volgehoue gebruiklike beheer oor die gebruik van baie spesies, het die handel en gevolglike ekonomiese voordele hierdie beheermaatreëls tot niet laat gaan tot nadeel van die betrokke spesies en die stelsels waar in hulle voorkom.

Tot redelik onlangs was baie min inligting beskikbaar oor die omvang van die handel in stukke van diere, veral aasvoëls, vir

tradisionele medisyne. Die handel in dele van diere word in die geheim gedoen en is meestal onwettig in Suid-Afrika. Dit maak dit baie moeilik om betroubare inligting te bekom oor die bedrae en omvang van die spesies waarmee handel gedryf word, sodat die moontlike impak op die getalle van spesies daardeur bepaal kan word.

## Die handel in aasvoëls

Onlangse navorsing (Mander et al. 2007) bevestig dat aasvoëls in die tradisionele medisyne industrie gebruik word vir verskillende doeleindes, maar daar word geglo dat dit mees doeltreffend is vir heldersienheid, voorspellings en verhoogde intelligensie. Die hoofaanvraag vir hierdie gebruike is weddenskappe en dobbel, verbeterde besigheidsukses en intelligensie vir skoolkinders. Aasvoëls word ook deur tradisionele genesers voorgeskryf vir verskeie siektes, insluitend hoofpyn. Geskatte 160 aasvoëls word jaarliks in die ooste van Suid-Afrika verkoop en daar is ongeveer 59 000 verbruikersgeleenthede per jaar vir stukke van aasvoëls in hierdie gebied. Die totale jaarlikse waarde van verkope van aasvoëls aan die verbruikers in die ooste van Suid-Afrika, word geskat op R1,185,600 (uitgesluit die koste van aasvoëls as insetkoste). Verskeie spesies aasvoëls word gebruik vir tradisionele medisyne en daar is geen voorkeur aan 'n spesifieke spesie nie. Aasvoëls wat op markte in die ooste van Suid-Afrika verkoop word, word gejag deur aasvoëljagters uit voorheen beskermde en onbeskermde natuurlike gebiede in KwaZulu-Natal, Oos-Kaap, Lesotho en suidelike Mosambiek. Hulle word doodgemaak deur gebruik te maak van gewere, gif en strikke. Vergiftiging is die mees vernietigende metode, want groot getalle aasvoëls word gewoonlik met een voorval doodgemaak. 'n Geskatte 130 000 handelaars, jagters en tradisionele genesers is in Suid-Afrika aktief, waarvan 1251 finansiële voordeel trek uit die aasvoëlhandel. Hierdie individue maak moontlik tussen R950 en R2 500 per jaar uit die aasvoëlhandel. Aasvoëls is dus 'n belangrike handelsitem vir hierdie persone en vir die gemiddelde tradisionele geneeser kan dit tussen 5 en 10% van sy inkomste beteken.

## Is die tradisionele gebruik van aasvoëls volhoubaar?

Gesien in die lig van getalle geoes en die swak aasvoëlpopulasie vervanging en aanvulling, is handel in aasvoëls is nie tans volhoubaar nie, tensy daar 'n aansienlike verandering



kom in die bestuur van die bevolking en die huidige druk op die bevolking. Die gevolgtrekking is dat die voordele wat tans geniet word deur persone betrokke by die handel, binne die volgende 15-30 jaar nie meer beskikbaar sal wees nie.

Die Witruugaasvoëlbevolking in Zululand kan teen 2033 uitgeput wees en indien navorsing (Mander *et al.* 2007) die verbruik onderskat, kan hierdie voëls teen 2017 uitgewis wees. Hierdie populasie kan nie die huidige omgewingsdruk en tempo van oes oorleef nie. Witkopaasvoëls en Swartaasvoëls het 'n baie klein bevolking in Zululand en daar word verwag dat hulle teen 2020 uit hierdie gebied sal verdwyn tensy daar 'n dramatiese verandering in bestuurspogings is. Die Kransaasvoël bevolkings in die Oos-Kaap, KwaZulu Natal en Lesotho kan plaaslik uitgeroei wees binne 44 tot 53 jaar.

As die getalle van Witruugaasvoëls afneem, sal 'n groot deel van die huidige oes van aasvoëls ( in totaal 160 aasvoëls per jaar) op die Kransaasvoëlpopulasie val. In hierdie geval sal die Kransaasvoël bevolking in Lesotho, KwaZulu Natal en Oos-Kaap ook teen 2020 uit geput wees.

### **Wat kan gedoen word?**

Om die belangrike kulturele erfenis, tradisionele kennis, genetiese bronne, ekosisteen werking en ekonomiese voordele wat met aasvoëls vereenselwig word en hul tradisionele gebruik te behou, sal die huidige getalle wat geoes word, verminder en ander negatiewe omgewingsdruk wat die aasvoëlbevolkings beïnvloed en hul aanwas bestuur moet word. 'n Ingrypende strategie moet ontwikkel en toegepas word wat die volgende belangrike sake aanspreek:

- Verminder verbruik en aanvraag vir aasvoëls deur 'n bewusmakingsveldtog gemik op verbruikers en huidige rolspelers in die handel.
- Verander en/of skep 'n beleid wat die beheer oor die aasvoëlhandel verbeter. Verbeter polisiëring en verskerp beheer oor die aasvoëlhandel.
- Verbeter begrip van die aasvoëlhandel om toe te laat vir verskerpte ingrype, insluitend navorsing en monitering van die gebruik en handel met aasvoëls.

Indien doeltreffende maatreëls nie getref word nie, sal suidelike Afrika sy bevolkingsaasvoëls verloor. Aasvoëls word bedreig, nie net van tradisionele gebruike nie, maar van ander ernstige bedreigings soos habitatvernietiging, voedseltekorte, kraglyninsidente en vrektes as gevolg van nadelige veeartsenykundige middels.

### **Verwysing**

Mander, M., Diedericks, N., Ntuli, L., Mavundla, K., Williams, V. and McKean, S. 2007. *Survey of the trade in vultures for the traditional health industry in South Africa. FutureWorks Report for Ezemvelo KZN Wildlife.* March 2007. 54 pp.

Teks deur Steve McKean; vertaling deur Ronelle Visagie;

Vir verdere Inligting kontak asseblief die

Endangered Wildlife Trust  
Birds of Prey Programme E-pos: [raptor@ewt.org.za](mailto:raptor@ewt.org.za)  
Private Bag X11, Modderfontein, 1645, South Africa  
Telefoon: +27 11 372 3600  
Faks: +27 11 608 4682  
[www.ewt.org.za](http://www.ewt.org.za)

